basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## NOVEMBER 2017

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde, ens.), redigeer en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 80 minute
   AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde.

1.1 Dit was sterk skemer ... **[50]**

1.2 Die anker(s) in my lewe **[50]**

1.3 **Weg met byname ... of nie?** **[50]**

1.4 Wanneer stiltes praat **[50]**

1.5 Mars, my (ons) nuwe woning(?) **[50]**


1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skep jou eie titel. Skryf die nommer en jou eie titel neer.

1.6.1




[Bron: http://i1.wp.com/maroelamedia.co.za] **[50]**

1.6.2



[Bron: https://za.pinterest.com/explore/street-art]

**[50]**

1.6.3




[Bron: http://www.freepik.com/free-vector/]

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180–200 woorde oor elk. Skryf die nommers neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Daar heers onmin in jou huis: jou ouers weier volstrek dat jy gedurende die Desembervakansie saam met jou vriende wegbreek.

Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan jou ouers waarin jy probeer om hulle te oortuig om jou toe te laat om saam met jou vriende weg te breek. **[25]**

2.2 **FORMELE BRIEF: VERSOEK**

Die plaaslike skool het 'n tekort aan boeke vir die biblioteek/mediasentrum.

Rig 'n VERSOEK aan die voorsitter van die Gemeenskapsforum in jou omgewing waarin jy hom/haar vra om boeke vir die biblioteek/mediasentrum te skenk en so 'n verskil in die leerders se lewens te maak. **[25]**

2.3 **HULDEBLYK**

Aan die einde van jou skoolloopbaan wil jy graag by 'n geleentheid hulde bring aan 'n weldoener in die gemeenskap wat jou ondersteun het.

Skryf die HULDEBLYK. **[25]**

2.4 **FORMELE VERSLAG**

Jy moet aan die skoolhoof verslag lewer oor die geslaagdheid van 'n musiekkonsert wat by julle skool aangebied is.

Skryf die FORMELE VERSLAG. **[25]**

2.5 **KOERANTARTIKEL**

Skryf 'n KOERANTARTIKEL met die opskrif:

| **Besin eer jy begin: "stuur" maak die lewe suur!** |
|---|

Die doel met die artikel is om leerders van die gevare van sosiale media bewus te maak. **[25]**

## 2.6 ONDERHOUD

Jy het die geleentheid om 'n onderhoud met die Minister van Basiese Onderwys te voer oor die uitdagings wat 'n matriekjaar vir die matrikulant inhou.

Skryf die ONDERHOUD na afloop van die gesprek neer. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou